# frederik en adam opperman
## –pioniers in eie reg

E. du Pisani

Die etnologiese afdeling is tans met 'n sosiaal-ekonomiese ondersoek in die Vrystaatse Landelike Kleurlinggebiede (Oppermansgronde en Thaba Patchoa) besig. 'n Historiese oorsig oor onder meer die migrasie van gekleurdes na die OVS en die ontstaan van hierdie gebiede vorm 'n integrerende deel van die studie. In hierdie kort artikel word een en ander oor Frederik Opperman en sy seun Adam en hul bydrae tot die totstandkoming van Oppermansgronde berig.



*Adam Opperman. Die oorspronklike koolstofskets hang in die kerk te Adamshoop. Die kerkraad het goedgunstiglik ingestem om dit vir publikasiedoeleindes te laat fotografeer.*

Die Oppermansgronde in die distrikte Jacobsdal en Fauresmith, en Thaba Patchoa naby Tweespruit, is die enigste twee uit 'n totaal van drie-en-twintig Landelike Kleurlinggebiede wat in die OVS geleë is. Die administrasie van hierdie gebiede is in 1952 deur die destydse Departement van Kleurlingsake oorgeneem en die amptelike beleid t.o.v. genoemde areas in die Wet op Landelike Kleurlinggebiede (Wet 24 van 1963) saamgevat.

Die Landelike Kleurlinggebiede het ontstaan as gevolg van die sametrekking van groepe in bepaalde omgewings; die stigting van sendingstasies; die skenking van sekere grond deur die Staat of deur bepaalde groepe of persone vir sendingdoeleindes en nalatenskappe aan persone of families, soos byvoorbeeld in die geval van die Oppermansgronde.

Sommige skrywers beweer dat Frederik Opperman omstreeks 1785 in die omgewing van Stellenbosch gebore is, terwyl ander van mening is dat hy as 'n slaaf na die Kaap gekom het. Ook oor die latere verloop van sy lewe bestaan meningsverskil. Só word enersyds beweer dat hy aanvanklik by 'n boer, ene Opperman van Graaf-Reinet gewerk het, waarna hy aan 'n boer van die Swellendam-distrik verkoop is. Hy en sy seun Petrus sou laasgenoemde se diens verlaat het en noordwaarts oor die Oranje gevlug het. Andersyds word berig dat Frederik eers by 'n wynboer met die van Opperman gewerk het en daarna aan 'n wamaker van Graaf-Reinet verkoop is. Hy en Petrus sou vanuit Graaff-Reinet noordwaarts gevlug het. Petrus is in 1823 in Graaff-Reinet gebore.

Na hul aankoms in Griekwagebied, is Frederik by Pramberg deur 'n Griekwa-jaggeselskap gevange geneem en vir 'n ruk in Philippolis aangehou. Na sy vrylating het hy as wamaker en grofsmid langs die oewer van die Rietrivier in die omgewing van Bethanie gaan woon. Hy het homself en sy seun ook vrygekoop. Frederik het heelwat met sy ambag verdien en gou 'n redelike groot veestapel opgebou. Laasgenoemde is ook deur sy deelname aan Griekwa-strooptogte aangevul. Die grond waarop hy gewoon het, was spoedig te klein. Frederik het gevolglik 'n aantal plase van die Griekwa gekoop. Hierdie gronde vorm steeds 'n deel van die huidige Oppermansgronde. Frederik (algemeen Freek genoem) het hierop na die Kaapkolonie teruggekeer om van sy verwante te gaan haal. Op hierdie wyse het 'n gemeenskap ontstaan.

Frederik se seun Petrus het in 1840 na Bethanie verhuis, waar hy vyf jaar later tot Adam herdoop is. Adam is in Bethanie met Louisa Fourie, die dogter van 'n Blanke vader en Koramoeder, getroud. Hy het oor besliste leierseienskappe beskik en was onder meer 'n lid van die bestuursliggaam van Bethanie wat in 1854 met die goedkeuring van president Hoffman ingestel is. Aangesien hy die meeste stemme gekry het, het hy as hoof opgetree. Saam met Adam was Philip Lemmetjie, Joachim, Johannes Lente, Petrus Boom en Stefanus Buffelbout lede van die bestuursliggaam van Bethanie. Benewens beperkte regterlike funksies, het hierdie liggaam ook as munisipaliteit opgetree. Genoemde bestuursreëling was die eerste en enigste keer dat "swartmense" in die OVS gedurende die periode 1854-1902 bestuursbevoegdheid oor hulself gehad het.

Na 'n dienstydperk van vyf jaar het Adam sy amp neergelê, hoofsaaklik omdat hy nuwe weivelde vir sy vee moes vind. Hy het vervolgens die plaas Vogelstruiskooi gekoop en daarheen verhuis. Volgens Brink het hy hierdie plaas van Frederik as geskenk ontvang. Adam het nie al sy bande met Bethanie verbreek nie en ingewillig om vir ses maande per jaar as hoofman op te tree. Dit is onseker hoe lank hierdie reëling gegeld het.

'n Groot aantal van die Oppermanfamilie wat in die Kaapkolonie agtergebly het, het hulle nou op Vogelstruiskooi kom vestig. Onder hierdie mense was Blankes, "Basters" en selfs 'n Indiër en hulle het Kora- en Tswana bediendes en arbeiders saamgebring. Deur verdere ondertrouery het 'n komplekse familiepatroon ontwikkel. Algemene vanne in die gebied is, benewens Opperman, Cornelissen, De Koker, Ontong en Lemmetjie.

Die eiendomsreg van Adam Opperman is deur Artikel 2 van Ordonnansie 5 van 1876, wat die eiendomsreg van "nie-blankes" vasgestel het, erken. Artikel 4 van genoemde Ordonnansie, waarvolgens 'n "Kleurling" nie meer as 5 gesinshoofde op sy plaas kon huisves nie, is ook nie deur die Vrystaatse Volksraad op Opperman van toepassing gemaak nie. Trouens, voor sy dood het die Volksraad op sy versoek hom van laasgenoemde bepaling onthef.

Frederik en Adam het die noodsaaklikheid om hul mense op te hef besef. Eersgenoemde het verskeie damme gemaak en tuinerye aangelê. Hy het ook die doringbome in die gebied beskerm deur die kap daarvan te verbied. Adam het hom onder meer vir die stigting van 'n kerk beywer en in 1867 is 'n sendingstasie in die gebied gestig. Ter ere van Adam is dié stasie later Adamshoop genoem. Eerwaarde Zerwick van die Berlynse Sendinggenootskap was die eerste leraar

Ekonomies gesproke het dit redelik goed gegaan met die Oppermans en veral Frederik het groot veetroppe besit.

Frederik, wat later die doopnaam Salomo ontvang het, is op die hoë ouderdom van 105 jaar op 3 November 1891 op die Oppermansgronde oorlede. Adam self is kort daarna skielik op 25 Junie 1892 op 69 jarige leeftyd op die plaas Poortjiesdam ('n gedeelte van die oorspronklike Vogelstruiskooi) oorlede. Albei is in die begraafplaas naby die kerk op Adamshoop begrawe. Volgens die kerkrekords het Salomo aan "zwakte" en Adam aan "inflammatie" gesterf. Voor sy dood het Adam 'n testament deur 'n Blanke prokureur laat opstel waarvolgens die grond onvervreembaar in die besit van sy nasate sou bly. Die grootte van die Oppermansgronde is 34 185,91 hektaar en in 1979 was die bevolking daarvan nagenoeg 1192. Dit omvat die plase Doornhoek 128, Vogelstruiskooi 279, Poortjiesdam 125, Adamshoop, Jachalsput 229, Droogleegte 121 en Winkelhaak 120.

Bibliografie


Aanwins Nr. 3. F.A. Steytler-versameling, groep 3.103: Geslagsregister van die Oppermans. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Aanwins Nr. 3. F.A. Steytler-versameling, groep 3.104: Kuschke, H.G., Die Oppermans of bewese en onbewese brokkies uit die geskiedenis. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Brink, D. "Gedroste slaaf se erflating", *Die Brandwag,* Vrydag, 20 September 1946.

Dyason, E.R. 1951. *Die Kleurlinge van Poortjiesdam : 'n Sosiologiese studie van 'n landelike geïsoleerde Kleurlinggemeenskap in die OVS.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS.

*G.S. 1386:* Notule van vergadering by Bethanie, 30.10.1854. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Jacobs, J.F. 1942. *Die Grikwas en hul Bure.* Kennis vir Almal Nr. 2. Bloemfontein. Nasionale Pers.

*Kerkboek der Evang. Zendingsgemeente van het Berlijnsche Zend. genootschap te Adamshoop,* Deel V. Register der Overledenen : 351-378.

*Ordonnantie-Boek van den OVS 1854-1884* : Ordonnansie 5 van 1876, art. I en 4: 272-273. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Van Aswegen, H.J., 1977. Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902, *Argiefjaarboek,* **34** (I): 3-401.

*Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurling-bevolkingsgroep.* 1976. RP 38. Pretoria. Staatsdrukker.

*Verslag van die Administrasie van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1978 tot 31 Maart 1979.*

*Volksraadsnotule,* 31.5.1892 : 308-309. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Wangemann, H. 1873. *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft und ihrer Arbeiten in Südafrika.* Berlin.




*Gedenkteken ter nagedagtenis van Frederik en Adam Opperman.*